Date : April, 04 , 2010 Publication : Rapport Page Number : 12

Gemeenskap in opstand teen myn oor slikdam

CORNÉ COETZEE IN JOHANNESBURG

"Ons gaan nié hierdie megaslikdam toelaat nie."

Só sê 'n wit boer en 'n swart boer van die Jachtfontein-streek, mnre. Sarel Cilliers en Justice Lunurberg, uit een mond oor 'n plan van die Rand Uranium-myn om 'n reuse-slikdam in die Riet-spruit-opvanggebied naby Westonaria te bou.

Die gemoedere in al die gemeenskappe van Jachtfontein loop hoog oor die beplande slikdam. Private en kommersiële boere het hul gewig ingegooi by die Mahatammoho-landboukoöperasie (MAC) wat swart opkomende boere verteenwoordig.

'n Geskatte 150 boere, plaaswerkers en inwoners van die swart woonbuurt Poortjie het voorverlede week in Jachtfontein oor die kwessie vergader.

Terwyl die vergadering aan die gang was, het inwoners van Poortjie die R28-pad met brandende motorbande versper om hul teenkanting teen 'n moontlike slikdam te toon.

Me. Elna de Beer, 'n verteenwoordiger van die konsultant-ingenieursmaatskappy Golder Associates, het Rand Uranium op die vergadering verteenwoordig.

Die voorgestelde dam sal volgens De Beer 350 miljoen ton mynafval kan opvang. Die nuwe dam sal bestaande slikdamme vervang.

'n Memorandum is op die vergadering aan De Beer oorhandig. Hierin verwerp MAC die plan vir die megaslikdam "omdat dit die eens florerende Rietspruit-opvangsgebied in 'n barre stuk grond sal verander".

Rietspruit en die Leeuwspruit vloei in mekaar. Die gemeenskap van Kalbasfontein naby Fochville kla ook al jare dat besoedeling deur die South Deep-myn hul boerdery vernietig. De Beer het in reaksie aan *Rapport* gesê die myn is nog besig met 'n studie oor die uitwerking van die dam op die omgewing en die proses om 'n finale plek vir die slikdam te kies is nog nie afgehandel nie.

Cilliers sê egter daar is reeds boere in die Jachtfontein-omgewing wat met die myn oor die verkoop van hul grond onderhandel.

Golder Associates het die afgelope week op die memorandum van MAC gereageer. Volgens Lunurberg het die maatskappy laat weet alle betrokkenes moet eers registreer sodat hul belange in ag geneem kan word by die studie oor die uitwerking op die omgewing.

"Ons wil met die myn self praat, nie met Golder Associates nie," sê Cilliers. "Dit lyk in elk geval nie of die myn aan ons versoeke gehoor gee nie. Ons gaan die saak nie daar laat nie. Ons beplan 'n groot optog in die Jachtfontein-omgewing op 23 April."

DIT LYK IN ELK GEVAL NIE OF DIE MYN AAN ONS VERSOEKE GEHOOR GEE NIE. ONS GAAN DIE SAAK NIE DAAR LAAT NIE. ONS BEPLAN 'N GROOT OPTOG IN DIE JACHTFONTEIN-OMGEWING OP 23 APRIL.